SPES T/311/1/81
SPES T/311/1/102
SPES T/311/1/4
28 November 1979

Van: SSO Spes Take

Aan: Dir Ins

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2014-02-18
J.A.L STEINMANN
72563596PE WO1

SAMESPREKINGS MET MNR STEPHEN A. KOCZAK

1. Mnr Koczak het op 21 Nov 79 in die RSA arriveer vanaf Rome waar hy sekere samesprekings met die Vatikaan gehad het. Op 22 Nov 79 het Kole Knoetze en Hamman hom tewoord gestaan.

2. Dit is duidelik gestel deur Mnr Koczak dat hy nie met die detail van die be-oogde operasies in Albanië, Kroatie en Haiti betrokke is nie, maar slegs op hoogte is van die beplanning en as tussenganger optree om die belanghebbende partye bymekaar te bring waar die detail bespreek kan word.

3. Hy beplan om Saterdagmiddag 24 Nov 79 na Kaapstad te vertrek waar hy sy skoonfamilie sal gaan groet (dogter is getroud met man wie se ouers in Kaapstad woon) en Sondag 25 Nov 79 na Argentinië te vertrek.

4. Sy besoek aan Argentinië is om een van ons mense aan die betrokkenes in Argentinië voor te stel. Die betrokkenes in Argentinië is die militêr, di die drie militêre Hoofde van Staf (Leër, Lugmag en Vloot) en die Inligtingstaf. Dit is reeds aan= vaar dat die Argentyne gaan help om die Kroate op te lei. Die drie weermagsdele sal elk die opleiding behartig en die Kroate sal by die Argentynse studente ingesluit word in Argentynse uniforms. Die Argentyne gaan van die standpunt uit dat al sou die operasie nie afkom nie hulle van die Kroate in hulle Weermag sal opneem. Die opleiding sal veral die volgende behels: stafwerk (dws die werking van 'n hoofkwartier tydens die opstand), kommunikasie, propaganda en sabotasie. Dit word beoog dat 1 500 Kroate opgelei moet word en hierdie getal is te groot vir die Argentynse opleidings= inrigtings en bemoeilik ook sekerheid waar die Kroate dan saam met die Argentynse studente op kursus sal wees.

5. In breë trekke word die operasie soos volg beplan: Die Kroate wat in die buiteland opgelei word sal per skip terugkeer na Europa en dan na hulle tuisland. Dit skep geen probleem nie daar die Kroate baie as gasarbeiders werk buite hulle vaderland. Die opstand sal vanuit die volk ge-organiseer word en die lede wat dan hulle opleiding in Argentinië en moontlik RSA ontvang het sal dan die opstand beheer. Die plan berus ook op die gebruik van Kroatiese militêre eenhede en veral die vloot. Die hawens sal oorgeneem word asook skepe wat gewoonlik Kroate as bemanning het en slegs die kaptein van een van die satellietstate. Vliegtuie sal gesaboteer word deur Kroate wat in militêre basisse werk ens. Dit is veral vir hierdie take waarvoor hulle buitelandse opleidingshulp soek. Die opstand word be-oog gedurende die Olimpiese Spele in Moskou tussen 15 Jul en begin Aug 80.

6. Kardinaal Sheppard, wat 'n Kroat is, is nou afgedeel na die "gemeente" van Haiti en sal by die beplanning behulpsaam wees. Na die opleiding en voor die terugkeer van die opgeleide Kroate sal die Kroatiese-generaal wat aan die hoof sal wees by sy "soldate" aansluit.

7. Dit word dus versoek dat 'n lid van DI Mnr Koczak na Argentinië vergesel om met die Argentynse militêre betrokkenes, waaronder ene Raoul Cavalini, die detail van die operasie asook hulp mbt opleiding aan die Kroate, kan bespreek. Indien moontlik dan ook 'n inset te lewer van wat die RSA kan doen mbt opleidingshulp.

8. Die tweede aspek is die be-oogde rewolusie in Albanië. Die Albaniërs het nie dieselfde organisasie as die Kroate nie en hulle volksamestelling verskil ook aansienlik. As indiwidue is hulle verbete vegters met 'n sterk vaderlandsliefde. Samewerking tussen die Kroate en Albaniërs word aangemoedig. Die Albaniërs onder leiding van Koning Leka be-oog 'n rewolusie wat binne 14-dae afge= handel moet wees, anders is dit 'n burgeroorlog volgens Koning Leka, wat vermy moet word. Die Albaniërs het die voordeel dat hulle geen gemeenskaplike grens met die Warskou-Verdragslande het nie. Hulle moet dus slegs so spoedig moontlik die grensposte wat in die berg= passe geleë is oorneem en binnelands die gesag oorneem. Die oor= hoofse beplanning is dat die rewolusie in Albanië eerste moet begin en na 3 of 4 dae moet die Kroate hulle opstand van stapel stuur en dan ook Kroatiese skepe stuur om Albanië se hawens te beskerm.

9. Die Albaniers se probleem is dat hulle nie 'n kern buitelands kan oplei soos die Kroate nie. Koning Leka is egter tans in Saoedi-Arabië en Mnr Koczak stel voor dat ons die Albanië-saak met hom uitklaar met sy terugkeer. Die Argentyne wou tot op hierdie stadium nog nie betrokke raak by die Albaniërs se rewolusie nie, alvorens Koning Leka die seën van die Moslems het nie, aangesien die Albaniërs grootendeels Moslens is. Dit is juis vir hierdie rede dat Koning Leka na Qatar en Saoedi-Arabië toe is. Sou die Moslems hulle goedkeuring aan die operasie gee en moontlik ook finansiële steun, sal die Argentyne bereid wees om ook dieselfde vir die Albaniërs te doen soos vir die Kroate.

10. Koning Leka wil graag sy vertrouleinge in 'n groep oplei, maar die detail moet van Koning Leka self gekry word. Vir hierdie operasie sal wapens gekry moet word wat van kommunistiese oorsprong is daar die hanteerders daarmee vertroud is.

11. Die derde aspek is die coup d'état in Haiti wat direkte verband hou met bogenoemde twee operasies, daar Haiti die skepe vir die ver= voer van die "soldate" sal onderneem.

12. Clemard Charles, 'n welgestelde bankier in Haiti is die dryf= veer agter die coup d'état en sal ook die leisels oorneem sou die coup suksesvol wees. Hy was reeds al deur Duvalier in die tronk gestop vir sy opposisie teen die huidige régime. Charles vrees dat sou hy langer wag, die geleenthede al hoe minder sal word aan= gesien Duvalier besig is om kommuniste in die kabinet in te bring en Haiti sal hoe meer in die Castro-kamp betrek word.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2014-02-1[illegible]
J.A.L STEINMANN

3/.....

13. Volgens Mnr Koczak is Charles goedgesind teenoor die RSA. Hy wil graag met die RSA saamwerk en is bereid om die Transkei te erken as hy leier van Haiti is.

14. Die beplanning vir die coup is reeds voltooi en die datum is ook bepaal vir 17 Des 79. Volgens Koczak is die Hoof van die Weermag van Haiti ook betrokke by die coup en werk die hoof van die Nasionale Wag ook saam. Die mense is baie bygelowig, hoewel Rooms, en hulle vrees Duvalier se mistieke mag. Duvalier se vader "Papa Doc" het glo 'n verbond met Satan aangegaan dat hy vir 22 jaar sal regeer. Hierna het hy 'n tweede verbond met Satan aangegaan vir sy seun "Baba Doc" om ook 22 jaar te regeer. Die moeder van "Baba Doc" is eintlik die krag agter die regering en sy swaai deur haar seun die septer.

15. Die oorname wat deur Charles beplan word berus daarop dat "Baba Doc" (Duvalier) en sy moeder gevange geneem word. Hulle sal aangehou word indien hulle lewendig gevange geneem kan word. Duvalier het ongeveer $ 500 000 000 wat in Switserse banke belê is. Mnr Charles is in besit van al die banknommers waar die geld belê is en dit is hulle doel om die geld weer terug te kry. Dit is ook die rede waarom hulle wil poog om Duvalier gevange te neem.

16. Weens die feit dat die oorname in Haiti reeds vervroeg is na 17 Des 79 is Charles se geldinsamelingsplan nog nie voltooi nie. Hy het reeds 1½ milj dollars (VSA) van VSA privaat instansies verkry maar kort nog 1 milj dollars wat hy skuld op uitrusting waarop reeds 'n opsie geneem is. Hy vra dus of die RSA kan help met 1 milj dollars, selfs al sou dit 'n lening wees tot na die oor=name.

17. Op 23 Nov 79 sien HSI ook vir Mnr Koczak en bostaande detail mbt die drie gebiede word kortliks gedek. HSI beslis egter dat tov Haiti ons bereid sal wees om na die oorname vir Charles behulp=saam te wees. Mbt die Kroate sal ons verkies indien die Argentyne 'n verteenwoordiger na die RSA stuur wat ons dan kan inlig mbt die be-oogde hulp wat die Argentyne aan die Kroate wil lewer asook wat hulle voorsien die RSA kan doen om te help.

18. Voor Mnr Koczak se vertrek het hy genoem dat dit onwaarskynlik is dat die Argentyne 'n verteenwoordiger sal stuur, daar hulle en die Kroate voel dat hulle reeds kontak gemaak het deur Vader Cuvalo wat vroeër Kdoor Putter kom besoek het in die RSA om hulle kant te stel.

19. <u>Aanbevelings</u>. Dit word aanbeveel dat 'n lid van DI na Argentinië toe reis om met die Argentyne kontak te maak en die detail van hulle hulpverlening aan die Kroate te verkry asook watter rol hulle voorsien die RSA in hierdie operasie kan hê.

SSO SPES TAKE: KOL

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2014 -02- 18
J.A.L STEINMANN
72563596PE WO1